

# HANDLEIDING VIR DIENSLERAARS

---

Die handleiding vir diensleraars moet in samehang met Kerkorde artikels 4 en 5, asook reglemente 11,12,13,19 en 20, en ander toepaslike besluite van die Algemene Sinode gelees word.

## 1. Agtergrond van die ontstaan van die diensleerbediening

- 1.1 Die missionale beweging het bepalende ekklesiologiese verskuiwings in die NG Kerk teweeg gebring. Een hiervan is dat dit die ampsbeskouing van die NG Kerk onder die soeklig geplaas het. Die geprofessionaliseerde predikantsamp se gebrek aan veerkragtigheid om aan die uitdagings van gemeenskapsgerigte bedieninge te voldoen, het al hoe duideliker geword. Die bedieningsbehoefte in afgeleë plekke, missionale kontekste, gemarginaliseerde omgewings, toegespitste vaardighede vir projek- en spesifieke bedieninge oor grense heen, die bou van netwerke, die ontwikkeling van vennootskappe, het die noodsaaklikheid vir die verbreding van die ampte onderstreep.
- 1.2 Verder is die NG Kerk geseënd is met hoogs gekwalifiseerde en goed toegeruste lidmate wat met 'n oortuigde roeping van die Here leef. Hierdie roeping wat akueel in die harte van mense leef moet dikwels net ontsluit word. Die verbreding van die amp, soos dit in die diensleermodel manifesteer, is 'n baie nuttige instrument om juis dit te doen. Hiermee kry die missionale kerk se bediening in diverse kontekste nuwe momentum.
- 1.3 Hierdie verbreding van die amp lei noodwendig tot vernuwende denke ten opsigte opleiding en bedieningsontwikkeling van geroepenes. Verwerwing van kennis, die aanleer van bedieningsvaardighede en die vorming van geloofsgewoontes word die hoekstene vir die ontwikkeling van kapasiteit vir 'n missionale bediening. Daarvoor is 'n meer holistiese praktykgerigte benadering bedoel, teenoor *opleiding* wat tradisioneel verstaan word as meer teoreties benadering. Hierdie wending word verder ondersteun deur die feit dat teologiese opleiding reeds vanaf 'n residensiële model begin skuif het na 'n leermodel waar vaardighede proefondervindelik in die praktyk ontwikkel word. Die ruimtes waar dit inge oefen en geïntegreer word, is byvoorbeeld die seminariums of kerk-eie opleiding, ringe, gemeentes, mentorskappe en VBO.
- 1.4 Teen bogenoemde agtergrond het die diensleermodel ontwikkel om die kritiese gaping, wat in die ampsaanbod van die NG Kerk ontstaan het, te vul.

## 2. Definisie en woordomskriving

- 2.1 'n Diensleer is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, vir 'n spesifieke toegespitste bedieningsterrein gelegitimeer en bevestig is om hierdie diens te lewer ooreenkomstig die terrein van opleiding.

### **3. Die aard van die diensleraaramp**

- 3.1 Diensleraars verrig 'n toegespitste bediening in een of meer spesifieke veld soos byvoorbeeld: pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, diakonaat, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending. (Hierdie toegespitste terreine kan na gelang van behoefte deur die kerk uitgebrei word met gepaardgaande opleidingsbane.)
- 3.2 Die implikasie hiervan is dat diensleraars nie dieselfde omvattende teologiese opleiding as predikante ontvang nie, en daarom nie die bevoegdheid ontvang om die volle spektrum van 'n gemeente se bediening (soos predikante) te behartig nie.
- 3.3 Diensleraars se opleiding is dus veel eerder daarop gerig om spesifieke bedieningsterreine met toegespitste vaardighede te bedien. Die bedoeling is dus nie dat diensleraars predikante te vervang nie, maar hulle juis aanvul en dus die bedieningsuitsette in 'n gemeente te verhoog.
- 3.4 Teen hierdie agtergrond word diensleraarposte primêr geskep om in 'n missionale konteks toegespitste bedieninge te behartig. Dit is dus ook nie bedoel is om predikantsposte te vervang in gemeentes wat finansiële- en/of demografies marginaal geraak het en waar predikante nie meer bekostig kan word nie.

### **4. Kerkregtelike posisie van 'n diensleraarpos**

- 4.1 Diensleraars word spesifiek gelegitimeer in die toegespitste bedieningsveld waarvoor opleiding ontvang is.
- 4.2 Diensleraars is gelykwaardig aan die ander drie besondere ampte, maar verskil soos die ander drie ampte in opdrag en werk van mekaar (Kerkorde Artikel 4).
- 4.3 'n Diensleraar werk altyd saam met en onder leiding van – die plaaslike gemeente se predikant. 'n Diensleraar kan wel vir 'n beperkte termyn wanneer die gemeente 'n vakature het vir die predikantspos wat in proses is om gevul te word, met die goedkeuring van die ring, onder toesig van die konsulent werk. Hierdie posisie wil nie die diensleraar ampsgewys ondergeskik aan die predikant stel nie (want die ampte is gelyk), maar wil die aanvullende rol wat die diensleraar tot die predikant in die bedieningspan van die gemeente onderstreep.
- 4.4 'n Diensleraarspos kan slegs geskep word, indien daar 'n wesentlike en substansiële behoefte vir so 'n pos/bediening in 'n gemeente bestaan. 'n Diensleraar is nie beroepbaar vir ander bedieninge buite die toegespitste bedieningsveld waarvoor hulle opgelei en gelegitimeer is nie.
- 4.5 'n Diensleraar kan slegs beroep word indien daar 'n gevulde predikantspos in die gemeente bestaan.

- 4.6 Wanneer diensleraars verhuis en dus nie meer die pos waarin hy bevestig is vul nie, verander die diensleerarbevoegdheid terug na proponent met kennisgewing aan die ATP en moet hy van voor af beroep word vir 'n toepaslike beskikbare pos.
- 4.7 Diensleraars het preekbevoegdheid en kan die sakramente bedien in die gemeente waar hulle bevestig en werksaam is. Diensleraars kan ook op uitnodiging van 'n kerkraad die woord verkondig en sakramente bedien.
- 4.8 Diensleraars kan by binnelandse sake as huweliksbevestigers geregistreer.
- 4.9 Diensleraars word bevestig as diensleraars nadat 'n wettige beroep uitgebring is en die nodige approbasie verkry is.
- 4.10 As ampsdraer is 'n diensleer by verstek lid van die kerkraad en kan in enige posisie in die vergadering of die kerkverband verkies word. (Kerkorde Artikel 28)
- 4.11 Diensleraars staan onder die opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk *Kerkorde*, artikel 31.7 en 62.2).
- 4.12 Diensleraars word soos predikante na meerdere vergaderings afgevaardig (*Kerkorde* reglement 19.5). Dit beteken dat soos daar 'n kerkraadslid vir 'n predikantspos afgevaardig word, word daar ook vir 'n diensleerpos 'n kerkraadslid afgevaardig.
- 4.13 'n Diensleer kan soos 'n predikant in 'n voltydse-, tentmaker-, deeltydse- of vastetermynpos beroep en bevestig word (*Kerkorde* reglement 12.2.3.9)
- 4.14 Diensleraars moet hulle jaarliks vóór 31 Mei by die Algemene Taakspan Predikantesake aanmeld ten einde aan te dui of hulle steeds beskikbaar is vir beroeping in die bediening van die kerk. Hierdie aanmelding moet vergesel wees van die bygewerkte vertroulike inligting en die nodige jaarlikse registrasiegelde.
- 4.15 Diensleraars moet soos predikante, by die kerk se bedieningsontwikkelingsprogram (VBO) inskakel. Honderd krediete moet jaarliks vir die eerste drie jaar na legitimasie verwerf word. Na hierdie drie jaar word dit van 'n diensleer verwag om jaarliks 50 krediete te verwerf.
- 4.16 Omdat daar nie 'n voorgeskrewe aanspreekvorm vir diensleraars is nie, staan dit gemeentes vry hoe hulle diensleraars aanpreek.

## **5. Skep van 'n diensleerpos**

- 5.1 'n Diensleerpos word deur die ring op versoek van die kerkraad geskep. Hierdie aansoek van 'n kerkraad bevat 'n motivering wat die spesifieke bedieningsarea duidelik omskryf en die finansiële volhoubaarheid van die pos bevestig.
- 5.2 'n Ring/gemeente kan slegs 'n diensleerpos skep as daar reeds 'n gevulde predikantspos in 'n gemeente bestaan.
- 5.3 'n Diensleerpos kan nie gevul word om die bevoegdheid te verkry of te behou of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

- 5.4 Beroeping en bevestiging geskied, soos in die geval van predikante, aan die hand van Kerkorde Artikel 8 Reglement 13 vir die Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante.

## 6. Diensooreenkoms vir 'n diensleraarspos

### 6.1 Posbeskrywing en pligtetaat

'n Formele diensooreenkoms word tussen die werkgewer (kerkraad) en die werknemer (diensleer) opgestel. 'n Diensooreenkoms moet 'n duidelike taakomskrywing en pligtetaat bevat, asook beide partye se verantwoordelikhede jeens mekaar. Die diensooreenkoms en posbeskrywing vir predikante (sien die Kerkorde) kan as voorbeeld gebruik word en aangepas word om te bely met die spesifikasies van die diensleraarspos. Verpligtinge en verantwoordelikhede van diensleer in deeltydse poste wat ook in diens van ander werkgewers staan moet duidelik verreken word in diensooreenkoms. Die ring, wat die diensooreenkoms moet goedkeur, kan behulpsaam wees met die opstel van 'n diensooreenkoms.

### 6.2 Vergoeding

'n Vergoedingspakket word tussen die werkgewer (kerkraad) en die werknemer (diensleer) onderhandel op die basis van totale koste van indiensneming. Vergoeding moet bely wees met die gewig van die pos, wat bepaal word deur faktore soos die tipe pos (byvoorbeeld voltyds of deeltys), die aantal diensure, vlak van verantwoordelikheid en jare diens. Die riglyne vir vergoeding wat die Algemene Taakspan Predikantesake jaarlikse beskikbaar stel, kan geraadpleeg word. (Vergelyk Bylaag B)

### 6.3 Pensioen (reglement 19.3)

Wetgewing vereis dat alle permanente werknemers aan 'n pensioenfonds behoort. Diensleer in voltydse-, deeltys- en vastetermynpote (langer as ses maande) is verplig om in te skakel by een van die toepaslike sinode se pensioenfonds-opsies. Wanneer 'n deeltys- en vastetermynpos diensleer reeds ingeskakel is by 'n ander wetlik goedgekeurde pensioenfonds, is daar vrystelling van hierdie verpligting. Tentmaker diensleer is vrystel van verpligte inskakeling by 'n pensioenfonds.

### 6.4 Medies, vervoer en behuising

Toelae vir medies, vervoer en behuising moet verreken word in die TKVI vergoedingspakket.

### 6.5 Verlof

Vir diensleer geld dieselfde verlofreelings as vir predikante. Verlof word in die diensooreenkoms onderhandel aan die hand van Reglement 20 vir die verlof van predikante. Die aantal verlofdae word pro rata bepaal na gelang van die tipe en persentasie van die pos.

## 7. Toelating, opleiding en bedieningsontwikkeling

## 7.1 Toelating/Keuring

Die A-Z voorskrifte vir predikante dien as "n lens waarvolgens "n aansoek beoordeel word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van "n amptelike aanbeveling deur die betrokke aansoeker se kerkraad en ring. Die keuring van voornemende studente geskied deur die onderskeie kuratoria aan die hand van hierdie aansoek en aanbevelings.

## 7.2 Opleiding

### 7.2.1 Akademiese opleiding

7.2.1.1 Eersteloopbaanstudente moet 'n B.Th. graad (of goedgekeurde ekwivalente graad in teologie) verwerf aan een van die opleidingsentra wat by die NG Kerk geakkrediteer is (NQF 7-vlak). Indien die B graad in teologie aan 'n ander opleidingsinstelling verwerf is, mag dit nodig wees dat die kuratorium addisionele teologiese opleiding vereis om die opleiding te belyn met die raamwerk vir missionale kapasiteite.

7.2.1.2 Naas bogenoemde kan 'n spesialiskundigheid kursus op SAQA vlak 5 en hoër by Hugenote Kollege gevolg word (bv. 'n Occupational Certificate in Maatskaplike Werk of een of meer van die bedienaarskursusse)

7.2.1.3 In die geval van die Jeugwerk B.Th. graad by die Fakulteit Teologie op Stellenbosch word 'n addisionele kwalifikasie nie benodig nie.

7.2.1.4 Persone met ander B-grade (byvoorbeeld onderwys, sielkunde, maatskaplike werk, regte, CA, musiek, verpleging, ens.) moet 'n kern-teologiese komponent, op vlak van NGD of Hons in B.Th. (NQF 7) doen.

### 7.2.2 Kerkeie opleiding

7.2.2.1 'n Suksesvolle deelname aan en afhandeling van die betrokke kuratorium se kerkeie program is 'n vereiste.

7.2.2.2 Alle diensleraars moet die kursus in erediens en prediking leiding deurloop.

## BYLAAG B

### RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKET VIR DIENSLERAARS 2020/2021

#### 1. ALGEMENE SINODE SE TAAKSPAN VIR PREDIKANTESAKE

Hierdie **riglyne** word saamgestel deur die Algemene Sinode se Taakspan Predikantesake in oorleg met die Taakspan Fondse en Bates en vorm die basis vir die onderhandeling tussen die werkgewer en werknemer. Hierdeur probeer die kerk om so ver as moontlik pariteit in die vergoeding van diensleraars te verseker. **Plaaslike omstandighede, die tipe pos en die finansiële vermoë van die gemeente behoort ook in ag geneem te word.** Onderhandelinge geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van die Kerkorde.

By die onderhandeling van die jaarlikse vergoedingspakket, moet die volgende in ag geneem word:

- 1.1 Elke diensleeraar se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar eie werkgewer (byvoorbeeld die kerkraad), en nie deur die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) en/of die Algemene Taakspan Fondse en Bates of die sinode nie.
- 1.2 Die finale vergoedingspakket waarop elke kerkraad en die diensleeraar ooreenkom, moet 'n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die gemeente, die verwagtinge en behoeftes van die diensleeraar en die diensooreenkoms tussen die diensleeraar en die kerkraad.
- 1.3 In gevalle waar kerkrade finansiël nie in staat is om die aanbevole verhoging te bekostig nie, is die kerwe die basis vir onderhandeling ooreenkomstig Kerkorde Artikel 13. Die veronderstelling is dat 'n **vermindering** in salaris, of geen verhoging vir 'n jaar nie, slegs oorweeg word as tydelike maatreël en met inagneming van dienskontrakte en arbeidswetgewing. In so 'n geval moet die onderhandelinge na oorleg met die plaaslike ring plaasvind. In die meeste gevalle behoort kerkrade soos in die verlede, die riglyne vir aanpassings as basis te oorweeg.
- 1.4 Aangesien gemeentes se omstandighede verskil in terme van grootte en inkomste, kan kerkrade ook oorweging skenk om diensleraars te vergoed op die beginsel van verminderde diensvoordele met die moontlike gepaardgaande vermindering van diensverpligtinge en/of die wysigings van die diensooreenkoms na die van byvoorbeeld 'n deelydse pos of 'n tentmakerbediening. Hierdie wysigings moet in oorleg met die ring geskied.
- 1.5 Indien daar 'n onbillike ooreenkoms of uitvoering van 'n ooreenkoms is, tree die verteenwoordigers van die ring met die kerkraad in gesprek daaroor.

#### 2. TOTALE KOSTE VIR INDIENSNEMING (TKVI)

Ter wille daarvan om die diensleeraar in staat te stel om die vergoedingspakket so saam te stel dat dit voordelig is in terme van die toelaatbare pensioenvoordeel, 'n belastingvriendelike bedeling (in soverre belastingwetgewing dit toelaat) en op grond van die diensleeraar se eie omstandighede, beveel die ATP aan dat werkgewers (gemeentes, ringe en sinodes) oorweeg om die jaarlikse vergoeding met die diensleeraar te onderhandel aan die hand van die totale koste van indiensneming (TKVI).

Om die TKVI ten opsigte van die diensleeraar se vergoeding te bereken, word die volgende komponente in berekening gebring wanneer die TKVI bepaal word:

- kontantgedeelte as salaris;
- motortoelaag gebaseer op die riglyn soos bepaal deur SAID;
- billike behuisingstoelaag soos onderhandel in die lig van plaaslike omstandighede;
- pensioenfondsbydrae soos onderhandel tussen werkgewer en werknemer aan die hand van die reëls van die pensioenfonds;
- 50% van die premie van die risikoversekeringskema waartoe die betrokke sinode/pensioenfonds behoort;
- 50% van die bydrae tot die groep mediese skema van die betrokke sinode;

- Statutêre betalings (WVF en Ongevalleversekering) vorm nie deel van die TKVI nie.

Die volgende moet beskou word as normale bedryfskoste (kantoor uitgawes) wat in die vorm van of 'n toegeruste kantoor of hulp ten opsigte van 'n kantoor/studeerkamer in die pastorie aan predikante (soos enige ander amptenaar in kantoor) voorsien behoort te word

- Voorsiening vir verdere opleiding of 'n billike toelaag om dit self te bekostig
- Kommunikasietoerusting of 'n billike toelaag om dit self te voorsien

In die lig van bogenoemde word kerkrade aanbeveel om na oorleg met die diensleeraar die vergoedingspakket so te struktureer dat dit die maksimum voordele bied ten opsigte van die **pensioendraende gedeelte van die vergoeding** en dat dit so belastingvriendelik moontlik saamgestel word.

### 3. TOEPASSINGS SPESIFIEK OP DIENSLERAARS

#### 3.1 Algemene beginsels

Die bepaling van die vergoeding van diensleeraars behoort te geskied op grond van die veronderstelling dat 'n diensleeraar 'n persoon is wat 'n B. Diac. diploma of graad verwerf het en toerusting en opleiding ontvang het wat hom of haar geskik maak om as diensleeraar gelegitimeer te word in 'n spesifiek bedieningsveld .

'n Skaal sal werk met die veronderstelling dat daar 'n minimum en maksimum **maandelikse totale koste van indiensneming** sal wees.

Die veronderstelling is dat die persoon vir 'n 40 uur werksweek in diens sal wees. (Indien die persoon vir minder werksure per week in diens geneem word moet die vergoeding proporsioneel aangepas word.)

Dit staan 'n kerkrade natuurlik vry om 'n diensleeraar aan te stel in 'n deelydse pos. Vir die verminderde ure kan die vergoeding ook in verhouding aangepas word.

#### 3.2 'n Vergoedingsriglyne

Die syfers hieronder word as riglyn gegee vir 'n minimum en maksimum totale koste van indiensneming vir 2021/2022:

Beskrywing	Maandeliks	Jaarliks
Minimum	22 500	270 000
Maksimum	35 500	426 000

Soos in die geval met predikante kan 'n werkgewer en die diensleeraar ooreenkom dat daar voorsiening gemaak kan word vir 'n bonus. 'n Gedeelte van die maandelikse bedrag of van die jaarlikse bedrag kan per ooreenkoms eenkant gehou word as 'n bonus.

#### 3.3 Alternatiewe berekening

Diensleeraars sou ook op die predikanteskaal betaal kon word, maar byvoorbeeld sonder 'n gratis huis en 'n vervoertoelaag. Reiskoste kan per kilometer vergoed word. Maar let op hoe duur die pensioen dan is (kolom 1) bereken op 'n 16.8% aandeel. Daar is uiteraard laer skale beskikbaar. Kolom drie wys 'n 4,5% pensioen aandeel. Die voorstel kan wees dat predikante se skale gebruik word gekoppel aan 'n TKVI. Die gemeente sou dus kon bepaal dat R40 000 per maand (TKVI) beskikbaar is. Die diensleeraar kan dan kies of hy/sy 'n groter pensioen wil hê of meer kontant. Medies of huis of reiskoste...

	Kerf 1	Kerf 15	Kerf 1
	2020	2020	2020
Salaris	15 400.00	31 400.00	15 400.00
Bonus (8,33%)	1 283.33	2 616.67	1 283.33
Pensioen (16,8%)/(4,5%)	6 115.00	6 115.00	1 638.00
Sterftedekking	176.00	176.00	176.00
<b>Totaal</b>	<b>22 974.33</b>	<b>40 307.67</b>	<b>18 497.33</b>
Jaar	275 692.00	483 692.00	221 968.00
Pensioen as % van salaris	27%	15%	9%

### Sake vir aandag

- 1 Is die benaming "diensleeraar" 'n toepaslike naam en dra dit nie by tot die verwarring nie.?
  - Die ATR oordeel dat die benaming diensleeraar misleidend kan wees en deur beide die kerklike publiek en diensleeraars self verkeerd vertolk word.
  - Die ATR is van mening dat die benaming **kerklike werker** meer gepas is en sal help om die verwarring op te klaar.
  - Moet eerder verwys na leraars met toegespitste bediening, as spesialis leraars
  - **Hulpleraar, hulpwerker???**
  
- 2 Die aanspreekvorm van diensleeraars laat vrae ontstaan. Kan hulle as dominees aangespreek word?
  - Hierdie aanspreekvorms behoort saam met die ander benaminge aandag te kry.
  - Ak is van mening dat hulle aangespreek moet word as dominee
  - **Dominee beteken leier, heerser, domineerder**
  
- 3 Is die benaming proponent gepas vir voornemende (gelegitimeer maar nie beroep en bevestig) diensleeraars gepas en het dit nie ook die potensiaal om misverstand te bring nie?
  - Die ATR oordeel dat die benaming "proponent" soos die benaming "predikant" 'n baie spesifieke inhoudelike betekenis het en dat daar eerder gesoek moet word na 'n ander benaming soos "voornemende diensleeraar" (kerklike werkers) of kandidaat diensleeraar.
  
- 5 Kan diensleeraars as huweliksbevestigers geregistreer word?
  - Bevoegdheid om 'n huweliksbevestigter te wees word deur die staat toegeken en enige persoon kan daarvoor aansoek doen.
  - Om egter as 'n huweliksbevestigter van die NG Kerk geregistreer te word, moet die kantoor van die Algemene Sinode met die departement van binnelandse sake onderhandel word.
  
- 6 Het alle diensleeraars by verstek preekbevoegdheid?
  - Daar bestaan onsekerheid. Almal aanvaar dat alle diensleeraars preekbevoegdheid het, maar die ATR se interpretasie is dat slegs persone wat toegespitste opleiding in hierdie spesialisveld eredienste kan lei en kan preek. Dit maak nie sin (en is sekerlik ook nie die bedoeling) dat 'n maatskaplike werker wat 'n diensleeraar is noodwendig ook toegerus en



*opgelei is vir erediensleiding nie. Die vraag is dus of prediking en erediensleiding nie ook 'n spesialisveld behoort te wees nie? Die Algemene Kuratorium moet versoek word om daaraan aandag te gee.*

7 Bestaan daar al 'n formulier vir die bevestiging van diensleraars?

- *Daar bestaan nog nie 'n formulier vir bevestiging van diensleraars nie. Tans word die een wat vir predikante gebruik word in 'n aangepaste vorm aangewend. Die formulier vir bevestigings van diensleraars moet so geskryf word dat dit voorsiening maak vir die spesifieke toegespitste bediening wat van toepassing is.*